Wes-Kaapse Regering

Onderwys

Taalstrategie 2015 – 2019

Inhoud

Akronieme **3**
1. Inleiding 4
2. Rasionaal vir die strategie. 4
2.1 Jaarlikse nasionale assesserings 5
2.2 WKOD- sistemiese toetse. 5
2.3 PIRLS. 5
2.4 SACMEQ. 6
2.5 Nasionale Senior Sertifikaat 6
3. Inleiding tot die Taalstrategie 8
4. Die Taalstrategie. 10
4.1 Menseontwikkeling. 10
4.2 Produktiewe pedagogie 11
4.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite 12
4.4 Monitering en evaluering 13
5. Die Taalstrategie uiteengesit per graad. 14
5.1 Graad R – 3 14
5.1.1 Menseontwikkeling. 14
5.1.2 Produktiewe pedagogie 15
5.1.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite 16
5.1.4 Monitering en evaluering 17
5.2 Graad 4 – 6 18
5.2.1 Menseontwikkeling. 18
5.2.2 Produktiewe pedagogie 19
5.2.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite 20
5.2.4 Monitering en evaluering 20
5.3 Graad 7 – 9. 21
5.3.1 Menseontwikkeling. 21
5.3.2 Gebruik van produktiewe pedagogie. 22
5.3.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite 23
5.3.4 Monitering en evaluering 23
5.4 Graad 10 – 12 24
5.4.1 Menseontwikkeling. 24
5.4.2 Produktiewe pedagogie 25
5.4.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite 26
5.4.4 Monitering en evaluering 27
6. Slot 27
7. Bylaes:. 28
7.1 Dimensies en elemente van produktiewe pedagogie 28
7.2 Effekgrootte van verskillende veranderlikes op leer. 28

Akronieme

ANA	Jaarlikse nasionale assessering
AOO	Algemene Onderwys en Opleiding
DBO	Departement van Basiese Onderwys
DH	Departementshoof
DKS	Departement van Kultuursake en Sport
DVP	Distrikverbeteringsplan
EAT	Eerste Addisionele Taal
GF	Grondslagfase
HOI	Hoër Onderwysinstellings
HT	Huistaal
IF	Intermediêre fase
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
KABV	Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring
KB	Kringbestuurder
KOLI	Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut
LITNUM	Geletterdheid en gesyferdheid
LOOM	Leer-en-onderrig-ondersteuningsmateriaal
NRO	Nieregeringsorganisasie
NSS	Nasionale Senior Sertifikaat
OG	Openbare Gewone
PANSALB	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PASA	Uitgewersvereniging van Suid-Afrika
PIRLS	Progress in International Reading Literacy Study
PLG	Professionele leergemeenskap
SACMEQ	Southern and Eastern Africa Consortium for Monitoring Educational Quality
SBL	Skoolbeheerliggaam
SBS	Skoolbestuurspan
SF	Senior fase
SGA	Skoolgebaseerde assessering
SVP	Skoolverbeteringsplan
TiOB	Taal-in-onderwys-beleid
TLO	Taal van leer en onderrig
VA	Vakadviseur
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
WKOD	Wes-Kaap Onderwysdepartement

> **“ Taal is van kritieke belang om met ander te kommunikeer en vorm die grondslag vir leer in alle vakke. ”**

WKOD Vyfjaar-Taalstrategie (2015 – 2019)

1 Inleiding

Die oogmerk van die WKOD Taalstrategie 2015 – 2019 is om onderrig en leer van gehalte in Taal te ondersteun.

Taal is van kritieke belang om met ander te kommunikeer en vorm die grondslag vir leer in alle vakke. In die studie van Taal ontwikkel leerders die vaardighede in praat, luister, lees en skryf wat hulle nodig gaan hê om suksesvol in die samelewing en die werkplek deel te neem. Deur Taal ontwikkel leerders die vaardighede om hulself duidelik en logies uit te druk en om vrymoedig en doeltreffend met ander te kommunikeer.

Taalonderrig word ingelig deur nasionale beleide, strategieë en riglyne, bv. die Taal in Onderwys-beleid (TOB), die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring vir die verskillende tale (KABV), Norme en Standaarde vir Tale, Taal oor die Kurrikulum Heen en die riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer. Die kern van Taalonderrig is die TOB wat twee belangrike kwessies beklemtoon:

1. bevordering van leerders se huistaal en die voorsiening van toegang tot ander tale
2. ’n additiewe benadering tot Taal in onderwys, wat aan individue die reg gee om die taal van leer en onderrig (TLO) te kies indien dit vir die skool prakties is om die keuse van TLO te akkommodeer.

2 Rasionaal vir die strategie

Die KABV vereis van leerders om een Taalvak op die vlak van huistaal (HT) en ’n ander op die vlak van eerste addisionele taal (EAT) te neem. In sommige gevalle bied leerders albei Taalvakke op die vlak van huistaal aan. In die geval van immigrantleerders word slegs een Taalvak vereis wat op die vlak van huistaal of eerste addisionele taal kan wees. Leerders kan in Graad 10-12 ’n ander taal as ’n agste vak neem. Dit kan by die skool of by ’n ander instelling geneem word.

Die uitslae van Wes-Kaapse leerders in Suid-Afrikaanse en internasionale Taaltoetse dui daarop dat die meerderheid van leerders in Wes-Kaapse skole nie op die gepaste vlakke lees en skryf nie. Die uitslae van Taaltoetse in die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA), die WKOD-sistemiese toetse, die *Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS)*, die *Southern and Eastern Africa Consortium for Monitoring Educational Quality (SACMEQ)* en die Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) dui almal op onderprestasie in Taal. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die huistaal (HT) van leerders in baie skole enigiets tussen een en elf kan wees. Gevolglik ontvang ’n beduidende aantal leerders onderrig in ’n taal wat nie hulle huistaal is nie. Verder maak die uitdrukkingswyse van Afrikatale, insluitend Afrikaans, geskrewe kommunikasie deur middel van handboeke, kurrikulumdokumente en ANA-vraestelle uitdagend.

Aangesien ’n bemeestering van Taal ’n regstreekse invloed op prestasie in ander vakke het, word alle leer beïnvloed. Die volgende afdeling bied ’n kort opsomming van die uitslae in bovermelde toetse.

2.1 Jaarlikse nasionale assesserings

Dit word sedert 2011 geadministreer en word opgestel vir Taal en Wiskunde in Graad 1-6 en Graad 9. Die toetse word nasionaal opgestel, maar word deur klasonderwysers geadministreer en nagesien. Die toetse van Graad 3, 6 en 9 word gebruik om verslag te lewer oor die vordering van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel (verwys na Tabel 1).

Tabel 1: ANA: Huistaal-slaagsyfers in Graad 3, 6 en 9 (2012-2014)

	2012		2013		2014	
	WKOD	Nasionaal	WKOD	Nasionaal	WKOD	Nasionaal
Graad 3	67.4%	56.6%	54.9%	57%	64.2%	56.5%
Graad 6	50.4%	38.7%	76.7%	67.6%	79.9%	74.6%
Graad 9	47.4%	38.9%	46.3%	37%	44.3%	47.8%

Die Huistaal-slaagsyfers in Graad 3, 6 en 9 in die tabel hierbo illustreer 'n effense ongelykheid in die toetsuitslae oor die tydperk van drie jaar, provinsiaal asook nasionaal.

2.2 WKOD- sistemiese toetse

Die Taal van Leer en Onderrig (TLO) WKOD-toetse word ekstern opgestel, geadministreer en nagesien en bevat 'n afdeling wat uitgebreide skryfwerk vereis. Vanaf 2002 tot 2009 is die toetse in afwisselende jare vir Graad 3- en 6-leerders geadministreer om vordering te monitor en probleme te diagnoseer.

Die WKOD het in 2010 vir die eerste keer alle leerders in Graad 3 en 6 getoets om die stand van leer in Taal en Wiskunde in elke skool in die provinsie te bepaal. Dit was ook die eerste keer dat Graad 9-leerders in 'n loodsoefening getoets is om 'n basislyn te bepaal. Die WKOD het in 2011 die vlak van kognitiewe uitdaging van die toetse verhoog. Daar is spesifiek langer en meer komplekse tekste by die toetse ingesluit ten einde die toetsitems vergelykbaar te maak met items wat in internasionale toetse op hierdie vlakke gebruik word.

Die uitslae van hierdie toetse bied 'n meer betroubare of samehangende diagnostiese prentjie van Taalleer in die Wes-Kaap as die ANA's.

Tabel 2: Uitslae van die WKOD- sistemiese toetse vir Graad 3, 6 en 9 (2012-2014)

Graad	2012	2013	2014
Graad 3	38.9%	37%	42.4%
Graad 6	36.9%	30%	37.9%
Graad 9	48.2%	48%	47.6%

Die uitslae van die WKOD- sistemiese toetse vir Graad 3 dui op 'n geleidelike toename in die slaagsyfer oor die tydperk 2012-2014. 'n Onreëlmatige slaagsyfer kan in Graad 6 waargeneem word. Vanaf 2012 tot 2013 was daar 'n daling in die slaagsyfer van byna 7% wat gevolg is deur 'n styging van byna 8% in 2014. Die slaagsyfer van 2012 tot 2014 in Graad 9 word gekenmerk deur 'n stadige maar besliste daling.

2.3 PIRLS

Die *Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS)* is 'n grootskaalse vergelykende studie van opvoedkundige prestasie wat ontwerp is om die gevolge van beleide en praktyke oor stelsels van onderwys internasionaal oor 5-jaar siklusse te verstaan. PIRLS is ontwerp om die doelwitte van lees en die prosesse van begrip te toets. Doelwitte van lees word geïdentifiseer as literêre ervaring en die verkryging en benutting van inligting. Aan die ander kant word die prosesse van begrip geïdentifiseer as (a) die herwinning van uitdruklik gestelde inligting; (b) om eenvoudige afleidings te maak; (c) die interpretering en integrering van idees en inligting; en (d) die ondersoek en evaluering van inhoud.

Suid-Afrika het aan PIRLS 2- (2006) en PIRLS 3- (2011) studies deelgeneem. In 2006 is daar verslag gelewer dat Suid-Afrikaners die laagste punte behaal het, met byna 80% van die deelnemers wat nie die minimum internasionale norm bereik het nie. Terwyl daar verbetering was, was die gemiddelde punte van 461 vir Graad 4-leerders en 421 in Graad 5 in 2011 steeds onder die gestelde norm van 500. Dit is laer as die prestasie van die meeste deelnemende lande, insluitend Afrikalande.

“ Die doelwitte van lees word geïdentifiseer as literêre ervaring en die verkryging en benutting van inligting. ”

> “ Tussen 2000 en 2007 was daar ’n daling in WK leerders wat vlak 8 (kritiese lesers) bereik het van 26.8% in 2000 na 14.1% in 2007. ”

2.4 SACMEQ

The Southern and Eastern Africa Consortium for Monitoring Educational Quality (SACMEQ) poog om ervarings en kundigheid te deel in die ontwikkeling van die vermoëns van onderwysbeplanners in die lidlande (verwys na Grafiek 1) om wetenskaplike metodes te monitor en te evalueer en om die voorwaardes van skoolopleiding en die gehalte van onderwys te evalueer.

Die Wes-Kaapse punt in Taaltoetse vir ’n steekproef van Graad 6-leerders het in die 2007-toets na 583.4 gestyg vanaf die punt van 565.7 in 2000. Die Suid-Afrikaanse punt was 492.3. Die toets vir leesvaardigheid gradeer lesers van pre-lees na ontluikende lees, basiese lees, lees vir betekenis, vertolkende lees, inferensiële lees, analitiese lees tot kritiese lees. Daar was tussen 2000 en 2007 ’n daling in WK-leerders wat vlak 8 (kritiese lesers) bereik het; van 26.8% in 2000 na 14.1% in 2007.

Grafiek 1: Vaardigheidsvlakke vir lees in die verskillende provinsies



2.5 Nasionale Senior Sertifikaat

Die drie hooftale van die provinsie is Afrikaans, Engels en isiXhosa.

Daar is ’n groeiende aantal Graad 12-leerders wat Xhosa Huistaal neem en ’n afname in die aantal leerders wat Afrikaans Huistaal neem (verwys na Tabel 3).





Tabel 3: Getal leerders wat verskillende tale op verskillende vlakke neem (2008 – 2014)

Vak	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	13841	14603	14692	12858	15066	16353	16483
Afrikaans Huistaal	20446	20227	20043	16273	18225	18540	18863
Engels Eerste Addisionele Taal	28461	29004	29538	25564	27924	29589	29630
Engels Huistaal	15957	16624	16707	14817	16997	18276	18396
IsiXhosa Eerste Addisionele Taal	586	587	584	584	540	602	600
IsiXhosa Huistaal	9318	9974	10598	10322	10687	11950	11721

Daar is min leerders wat Huistaal in die NSS druip. Die druipsyfer is hoër in addisionele tale, met die meerderheid wat druip in Engels EAT; dit word deur 32% van die NSS-kandidate geneem (verwys na Grafiek 2).

Grafiek 2: NSS-slaagsyfers in Taal (2008 – 2014)



> “ Die druipsyfer is hoër in addisionele tale, met die meerderheid wat druip in Engels EAT; dit word deur 32% van die NSS-kandidate geneem ”

3 >**Aanhef** tot die Taalstrategie

Die Taalstrategie het ten doel om hoë-gehalte leer in Taal te bevorder en sodoende die uitdagings wat in Afdeling 2 genoem word, die hoof te bied. Die strategie fokus op die integrering van vier dimensies van Taalonderrig van gehalte, naamlik (verwys na Figuur 1 hieronder):

3.1 **Menseontwikkeling**
(belegging in die agente betrokke)

3.2 **Produktiewe pedagogie**
(gebruik van doeltreffende onderrigstrategieë wat tot leer sal lei)

3.3 **Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite**
(verkryging en doeltreffende gebruik van hulpbronne)

3.4 **Monitering en evaluering**
(voortdurende in(tro)speksie om oor sukses te besin).



Fig. 1: Dimensies en elemente van die WKOD Taalstrategie (2015-2019)

Daar is voortdurend interaksie tussen die verskillende dimensies van die strategie terwyl onderwysers en skole poog om onderrig te verbeter. Die klem wat op elk of kombinasies van dimensies geplaas word, kan egter verskuif as gevolg van die konteks en behoeftes van die skool ter nastrewing van die beste leeruitkomste. Elke dimensie bestaan uit sleutelelemente wat noodsaaklik is vir die versterking van onderrig en leerderprestasie in Taal. Terwyl al die dimensies in elke fase aangespreek sal word, sal die ontwikkelingstadium van die leerder asook die kurrikulum en skoolkonteks die klem daarvan bepaal.

’n Aansienlike hoeveelheid navorsing wat die realiteite van skoolonderwys in die Wes-Kaap aanspreek, het die strategie ingelig. Daar bestaan algemene konsensus dat hoë-gehalte leer deur middel van “gepaste” onderrigbenaderings gefasiliteer kan word.

Hierdie strategie bou op insigte wat verkry is uit navorsing oor produktiewe pedagogie wat die aard van die onderrigpraktyke en organisatoriese prosesse wat onderwysers gebruik, beklemtoon en dui aan dat dit ’n verskil maak aan die akademiese en sosiale leer van alle leerders (verwys na Bylaag A).

Navorsing het ook gehelp om eienskappe te identifiseer wat ’n merkbare en betekenisvolle uitwerking op leerders se leer het – nie slegs ’n positiewe uitwerking nie. Hierdie navorsing het ons gehelp om te verstaan watter onderrigpraktyke ’n beduidende verskil gemaak het, terwyl dit ook aandui wie hoofsaaklik vir hierdie praktyke verantwoordelik is (verwys na Bylae B).

Die volgende afdeling verduidelik die elemente wat in elk van die vier dimensies van die WKOD se Wiskundestrategie geïdentifiseer is. Breë riglyne en beginsels word verskaf. Fyner besonderhede sal ontwikkel word soos die strategie in die Distriksverbeteringsplanne en die Skoolverbeteringsplanne van die volgende vyf jaar ontvou.

“ Terwyl al die dimensies in elke fase aangespreek sal word, sal die ontwikkelingstadium van die leerder asook die kurrikulum en skoolkonteks die klem daarvan bepaal. ”



Menseontwikkeling

a) **Professionele ontwikkeling van onderwysers en amptenare**
b) **Professionele leergemeenskappe**
c) **Werwing, induksie en retensie**
d) **Selfbeeld, rigting en selfregulering van leerders**
e) **Ouerbetrokkenheid**
f) **Strategiese vennootskappe**

4 > Die Taalstrategie

4.1 Menseontwikkeling

Die Taalstrategie bevorder die professionele ontwikkeling van almal wat by Taalonderrig in die provinsie betrokke is: onderwysers, amptenare, leerders, ouers, HOI's en ander vakverwante vennote..

a) Professionele ontwikkeling van onderwysers en amptenare

- Onderneem 'n vaardigheidsoudit en vestig 'n databasis wat onderwysers se taalvaardighede aandui ten einde opleidingsbehoeftes te bepaal.
- Voorsien leiding oor die kontinuïteit en vordering van die kurrikulum oor grade en fases.
- Ontwikkel onderwysers se vermoë om leerdoelwitte, onderrig en assessering te belyn.
- Fokus op formatiewe assessering om leer te versterk.
- Ontwikkel strategiese kurrikulumleierskap en -bestuur deur te verseker dat DH'e en Taal-vakhoofde aan gereelde Taal- versterkende forums deelneem om op hoogte van vakontwikkelings te bly.
- Verseker dat onderwysers aan graad-spesifieke opleidingsprogramme in Taal deelneem om Taalleer te versterk.
- Bied ter plaatse ondersteuning vir gedifferensieerde groepsonderrig aan.

b) Professionele leergemeenskappe (PLG'e)

- Lei vakadviseurs, skoolbestuurspanne en leieronderwysers om PLG'e by en tussen skole te vestig, fasiliteer en gebruik om die deel van beste praktyke en samewerking te bevorder.

c) Strategieë vir werwing, induksie en retensie

- Maak talentvolle leerders bewus van beurse wat vir onderwysers beskikbaar is.
- Bied aansporings om produktiewe en bekwame Taalonderwysers te behou.
- Bevorder die aanstelling van bekwame onderwysers wat in Taal spesialiseer.

d) Selfbeeld, rigting en selfregulering van leerders

- Leerders moet uitgebreide en uitdagende geleenthede vir lees en skryf gegun word.
- Leerders moet huiswerk doen en eienaarskap neem van hulle eie leer en sodoende ontdek dat sukses opoffering en harde werk vereis.
- Bevorder onderrigpraktyke wat leerders help om nuwe kennis aan hulle agtergrondkennis te koppel, om nuwe leerwerk aan die wêreld buite die klaskamer te koppel en om kennis binne en oor vakgrense heen te integreer.

e) Ouerbetrokkenheid

- Implementeer gepaste maatreëls om ouer- en gemeenskapsondersteuning vir Taalleer vir alle leerders te verseker.
- Bevorder die benutting van biblioteke, die ontwikkeling van boekklubs, deelname aan lees- en spelwedstryde, befondsing van Internetverbindings in biblioteke en Taalsentrums in gemeenskappe.
- Gesinsgeletterdheidsprogramme moet deur skole in alle gemeenskappe versterk word.
- Hou Taal-gebeure vir die gesin waar ouers en leerders by Taalgebaseerde aktiwiteite soos Scrabble, blokkiesraaisels, ens. betrokke raak.

f) Strategiese vennootskappe

- Die WKOD ondersteun 'n omgewing vir die uitruil van kennis, idees en kundigheid deur middel van dinamiese vennootskappe met eksterne belanghebbendes.
- Beter aanpassing tussen inisiatiewe van die privaat sektor en skole word aangemoedig.

4.2 Produktiewe pedagogie

Produktiewe pedagogie verwys na onderrig- en leerpraktyke wat verbeterde leerderprestasie ondersteun. Hierdie strategie bevorder produktiewe pedagogie in Taalonderrig en ondersteun ook leer in ander vakke deur klem te lê op intellektuele gehalte, die belangrik van Taal oor die kurrikulum heen, assessering vir leer, die skep van klaskameromgewings van gehalte en die doeltreffende deurlees en interpretering van onderwysbeleide.

Die Departement van Basiese Onderwys het 'n nasionale beleid formuleer wat as die Inkrementele Inleiding tot Afrikatale (IIAL) bekend staan. Dit is gerig op die bevordering en versterking van die gebruik van Afrikatale in skole deur leerders inkrementeel vanaf Graad 1 tot 12 aan leer in Afrikatale bekend te stel. Die WKOD sal maniere ondersoek om die onderrig van Afrikatale te bevorder.

a) Fokus op taalvaardighede en intellektuele kwaliteit

- Ontwikkel in alle fases 'n sterk fokus op die taalvaardighede van lees en praat, lees en kyk en skryf en aanbieding.
- 'n Fokus op hoë intellektuele gehalte is nodig vir alle leerders om akademies goed te presteer.
- Leerders se verduidelikings en argumente moet volledigheid en kompleksiteit van begrip demonstreer.
- Gebruik vrae en assesserings wat oor die reeks kognitiewe vlakke strek.

b) Taal oor die kurrikulum heen

- Laal is belangrik vir leer en moet deur die onderrig van alle vakke bevorder word.
- Die taal van leer en onderrig (TLO) moet deur alle onderwysers ontwikkel word.
- Verseker dat heelskooldeelname aan TLO-aktiwiteite op toenemende taalgebruik en verbeterde prestasie gemik is. Ontleed assesseringsdata vir die gevolge van taalagterstande en beplan die nodige ingrypings.
- Samewerking tussen Taalonderwysers en vakonderwysers is noodsaaklik om bevoegdheid in Taal oor die kurrikulum heen te versterk. Elke onderwyser is 'n Taalonderwyser en moet die taal van hulle vak onderrig.

c) Assessering om onderrig en leer te versterk

- Assesseer om leer te bevorder.
- Ontwikkel en onderneem 'n basislynassessering vir leerders in 'n nuwe graad.
- Ontwerp assesseringsaktiwiteite wat geldige inligting oor die sukses van onderrig en leer verskaf.
- Verhoog die getal skole wat aan Taal-uitdagings, -kompetisies en olimpiades deelneem

d) 'n Klaskameromgewing van gehalte

- Skep 'n teksryke, verwelkomende klaskameromgewing.
- Leerders respekteer mekaar, werk as individue en in pare/groepe en neem verantwoordelikheid vir hulle eie en ander se leer.

e) Behoorlike interpretering van beleid

- Skoolhoofde, DH'e en onderwysers moet die verklaarde Taalkurrikulum korrek interpreteer en implementeer ten opsigte van die vereistes vir onderrig, assessering en die opstel van roosters.
- DH'e moet verseker dat onderwysers kontinuïteit en vordering van voorgeskrewe inhoud/vaardighede van een fase na die ander verstaan en hoe die onderrig en konsolidering van voorgeskrewe inhoud/vaardighede in een fase die grondslag vir Taalleer in die volgende fase vorm.



Gebruik van produktiewe pedagogie

a) Fokus op taalvaardighede en intellektuele kwaliteit
b) Taal oor die kurrikulum heen
c) Assessering om onderrig en leer te versterk
d) 'n Klaskameromgewing van gehalte
e) Behoorlike interpretering van beleid



Voorsiening en gebruik van hulpbronne/ fasiliteite

a) Verkry geskikte fasiliteite/ hulpbronne
b) Gebruik hulpbronne doeltreffend
c) Gebruik e-leer om kennis en begrip te versterk

4.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite

Doeltreffende Taalonderrig vereis die geskikte keuring en doeltreffende integrering van beskikbare hulpbronne en fasiliteite om Taalleer te verdiep en verbreed. Hulpbronne vir Taalleer moet:

- 'n reeks teksgebaseerde aktiwiteite insluit
- voorsiening maak vir individuele groei
- sterk lees- en skryfaktiwiteite en 'n toegepaste benadering tot leer bevorder
- leerders aanspoor om te bevraagteken, dink, reageer, besin en besluit op maniere wat kritiese denke en besluitnemingsvaardighede ontwikkel
- keuse en buigsaamheid aanbied om te voorsien in behoeftes wat met individuele aanlegte, vermoëns en leerstyle verband hou
-

a) Verkry geskikte fasiliteite/hulpbronne

- Die skool se Taalbeleid beskryf hoe Huistaal (HT) en Eerste Addisionele Taal (EAT) van hulpbronne voorsien sal word.
- Die skool het 'n plan om die nodige graad-geskikte handboeke en leesboeke te verkry.
- Die skool moet die verspreiding van leerondersteuningsmateriaal aan alle leerders verseker; bateregisters byhou om retensie van hulpbronne en aanwending van fondse te monitor, asook ander maniere om toerusting/fasiliteite aan te vul wat nodig is om die Skoolverbeteringsplan vir Taal te implementeer.

b) Gebruik hulpbronne doeltreffend

- Gebruik 'n wye reeks geskikte en relevante hulpbronne vir die onderrig van Taal.
- Moedig samewerking tussen skole aan om hulpbronne en fasiliteite te ontwikkel en te deel.

c) Gebruik e-leer om kennis en begrip te versterk

- Hersien en maak aanbevelings oor e-leersagteware en digitale hulpbronne wat gedifferensieerde leer ondersteun.
- Plaas en deel geskikte Taalmateriaal op die WKOD-bediener.
- Maak seker dat ouers bewus is van hierdie hulpbronne sodat hulle in staat is om Taalleer en -voortreflikheid te ondersteun en versterk.

4.4 Monitering en Evaluering

Die verbetering van praktyke wat Taal-onderrig en -leer sal handhaaf hang af van refleksie op verskillende vlakke van die onderwysstelsel. Hierdie refleksie moet veranderinge aan die Taalstrategie inlig.

a) Reflektiewe praktyk op skoolvlak

- Elke skool sal 'n teikengedrewe Taalverbeteringsplan in oorleg met alle rolspelers ontwikkel.
- Monitor onderrig en leer deur vordering na te spoor en onderrigmetodiek aan te pas.
- Evalueer die doeltreffendheid, impak en uitkomste van Taalonderrig deur kurrikulumlewering en prestasie in SGA te monitor met behulp van die WKOD se omvattende moniteringsinstrument om klaskamergebaseerde ondersteuning te fokus.
- Evalueer leerderprestasie in Formele Assesseringstake.
- Assesseer die funksionaliteit van LOOM.
- Verbeter voortdurend die prestasie in Taal deur interne SGA aan te pas volgens data wat uit nasionale en provinsiale sistemiese assesserings verkry word.
- Skole volg 'n interne modereringsbeleid en verbeter dit voortdurend met inagneming van vakontwikkelings en beter onderrigpraktyke.
- Verseker dat alle formele assesseringstake intern gemodereer word voordat dit aan leerders uitgereik word.
- SBS'e ondersteun die vakhoof/DH om die vakspan te bestuur deur tydsbesteding aan onderrig te verseker, assessering te modereer en om verantwoordelikheid te neem vir die hantering van tekortkominge.
- Ontwikkel die bestuurs- en moniteringsvaardighede van SBS'e ter verbetering van Taalonderrig en -leer.

b) Reflektiewe praktyk op distriksvlak

- Ontwikkel die bestuurs- en moniteringsbevoegdheid van distriksamptenare.
- Evalueer kurrikulumdekking, -impak en -tempo in ooreenstemming met nasionale maatstawwe.
- Modereer onderrigplanne en LOOM om te bepaal of gapings aandag geniet.
- Distrikte ontwikkel 'n Taalverbeteringsplan as deel van hulle DVP vir verslagdoening aan provinsiale en nasionale strukture.
- Distrikte moet (1) kurrikulumlewering asook tyd aan taak by skole monitor; (2) verseker dat elke skool 'n interne beleid oor assessering en moderering het; (3) die SGA modereer en verifieer; (4) die gebruik en veilige bewaring van hulpbronne monitor, insluitend handboeke.
- Modereer en verifieer assessering deur te verseker dat elke skool 'n interne modereringsbeleid volg.
- Kringbestuurders en vakadviseurs lewer verslag aan die distrik oor vordering in Taalleer.
- Verseker goeie aanstellings deur byvoorbeeld 'n bevoegdheidstoets vir DH'e te gebruik om SBS'e en ondersteuningskomponente op distriksvlak en by hoofkantoor te versterk.

c) Reflektiewe praktyk op hoofkantoorvlak

- Ontwikkel die bestuurs- en moniteringsbevoegdheid van amptenare op hoofkantoor wat met Taalonderrig gemoeid is.
- Deskundiges in kurrikulumbeplanning bied werkswinkels aan om amptenare en onderwysers te ondersteun met die bereiking van die gewenste uitkomste.
- Doen jaarliks navorsing oor eksterne toetsuitslae om gapings in kennis te bepaal ten einde onderrigondersteuningsmaatreëls in skool- en distriksverbeteringsplanne in te lig.
- Beïnvloed die ontwerp van onderwyserontwikkeling- en leierskapskursusse ten einde strategiese kurrikulumleierskap en -bestuur te ontwikkel.
- Sluit Taalmonitering en -ondersteuning in by alle induksiekursusse by KOLI vir diegene in bestuurs- en leierskapsposisies.
- Beplan induksiekursusse vir nuwe Taalonderwysers.
- Hersien jaarliks die strategie om te verseker dat die teikens van die vorige strategie behaal word en, indien nodig, maak die nodige aanpassings om doeltreffende implementering te verseker.

d) Voorspraak vir vak en strategie

- Verseker dat alle amptenare, onderwysers, ouers en leerders die belang van hierdie strategie verstaan.
- Evalueer die begrip en die implementering van die provinsiale Taalstrategie in distrikte, skole en gemeenskappe.
- Substansieer veranderinge aan die beplande strategie, waar nodig.
- Onderrig die belang van Taal aan alle leerders.
- Verseker dat leerders Taal op die korrekte vlak neem.

Monitering en evaluering

a) Reflektiewe praktyk op skoolvlak
b) Reflektiewe praktyk op distriksvlak
c) Reflektiewe praktyk op hoofkantoorvlak
d) Voorspraak vir die belang van die strategie en die vak

5 > Die Taalstrategie uiteengesit per fase

Die provinsiale Taalstrategie word aangebied vir elk van die vier skoolfases – Grondslagfase (Graad R – 3); Intermediêre Fase (Graad 4 – 6); Senior Fase (Graad 7 – 9) en VOO-fase (Graad 10 – 12). Die elemente van elke dimensie in elke fase moet saamgelees word met die algemene strategie in Afdeling 4. Alhoewel daar algemene elemente in elke fase is, het hierdie afdeling van die strategie ten doel om die eienskappe, vaardighede en uitdagings eie aan elke fase en graad in die fase te beklemtoon.

5.1 Graad R – 3

5.1.1 Menseontwikkeling

a) Professionele ontwikkeling van onderwysers en amptenare

Verstaan hoe Taal vanaf geboorte ontwikkel en die belang van Taal in leer. Verbeter HT- en EAT-inhoudskennis en pedagogiese kennis, insluitend additiewe tweetaligheid, die gebalanseerde benadering tot Taal, ontluikende geletterdheid en die pedagogie van speel in Graad R. Ontwikkel 'n duidelike begrip van die kontinuïteit en vordering van die kurrikulum oor grade en fases en verseker aanpassing tussen leerdoelwitte, onderrig en assessering. Ondersteun die ontwikkeling van realistiese onderrigplanne. Implementeer opleiding vir onderwysers wat gepaard gaan met navorsing, monitering en ter plaatse ondersteuning. Implementeer gedifferensieerde groepsonderrig. Bevorder die lees van 'n reeks kinder- en ander boeke. Skenk aandag aan agterstande, hindernisse en gebreke in Taal. Verseker dat GF-vakadviseurs en die GF-DH opgelei is om Taal vanaf Graad R tot 3 te monitor en ondersteun. Onderwysers besin oor, assesseer en skenk aandag aan eie taalvaardighede en -uitdagings. Ontwikkel 'n databasis van onderwysers se pedagogiese vaardighede om kursusbywoning te prioritiseer en die duplisering van opleiding uit te skakel.

b) Professionele leergemeenskappe (PLG'e)

Vestig en ontwikkel PLG'e in lewendige Taalsentrums om die deel van beste praktyke en samewerking te bevorder. Gebruik PLG'e om professionele ontwikkeling te bewerkstellig en skole saam te laat werk om aan alle leerders die bes moontlike Taalonderrig en -leer te bied. Ontleed die gapings in onderrig wat in SGA en sistemiese toetse geïdentifiseer is en ontwerp ingrypings om die gapings aan te spreek. Gee erkenning aan en bied aansporings vir leieronderwysers/PLG-koördineerders om as mentors vir porture op te tree. Moedig die bywoning van kort kursusse aan om onderrigpraktyk te ondersteun, verfris en versterk.

c) Strategieë vir werwing, induksie en retensie

Grondslagfase-onderwysers is vakkundiges en dit is dus die skool se plig om toepaslik gekwalifiseerde GF-onderwysers in hierdie grade aan te stel. GF-onderwysers wat in Taal spesialiseer word aangespoor om ondersteuning met lees en skryf te bied. Loods 'n sterk werwingsveldtog by HOI's vir geskikte GF-onderwysers wat taalkundig bevoeg is en bied aansporings om vakkundige GF-onderwysers te behou. Bevorder die aanstelling van bekwame onderwysers. Bied aansporings aan potensiële (leier)onderwysers, vakhoofde of DH'e wat potensiaal demonstreer. Bied 'n induksieprogram aan vir nuwe onderwysers om beste praktyk aan te dryf en onderrigvaardighede in Taal en Geletterdheid te ontwikkel. Bied geskikte opleiding en ondersteuning aan alle nuwe posbekleërs om seker te maak dat hulle HT en veral Engels EAT met bevoegdheid kan implementeer.

d) Selfbeeld, rigting en selfregulering van leerders

Ondersteun leerders om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel. Hiervoor benodig leerders duidelike en volgehoue leiding van die onderwyser sodat hulle geleidelik die toepaslike stappe kan doen om sterk gebruikers van Taal te word (lesers en skrywers). Ontwikkel 'n klaskamerkultuur wat verseker dat leerders dit geniet om te leer en verstaan dat hulle leerwerk saak maak. Bevorder onderrigpraktyke wat leerders help om nuwe kennis met hulle bekende omgewing te verbind, m.a.w. hulle tuiste of dorp/buurt.

e) *Ouerbetrokkenheid*

Lewer voorspraak vir die WKOD se Taalstrategie as 'n verbeteringsplan. Bevorder onderrig in die TLO; die reg van ouers om 'n verskillende TLO te kies moet egter gerespekteer word. Implementeer gepaste maatreëls om ouer- en gemeenskapsondersteuning vir die onderrig van Taal te verseker. Bespreek met ouers die voorbereidende vaardighede wat nodig is om hulle kinders se bevoegdheid in Taal te verbeter en handhaaf, bv. deur middel van 'n "Welkom by Graad 1"-boekie. Betrek ouers om (1) lees en skryf by die huis en (2) skoolteikens en -strategieë te ondersteun. Maak ouers bewus van die feit dat hulle verwagtinge 'n belangrike invloed op hulle kind se prestasie sal hê.

f) *Strategiese vennootskappe*

Werk in oorleg met NRO's, HOI's en die privaat sektor se inisiatiewe wat skoolgebaseerde/ter plaatse hulp met Taal voorsien om distrikte en skole by te staan met die bepaling en bereiking van geskikte teikens (soos verwoord in Distriksverbeteringsplanne (DVP'e) en Skoolverbeteringsplanne (SVP'e). Sodanige organisasies moet Taalkundiges, bewese leiers en implementeerders van doeltreffende Taal- en Geletterdheidspraktyk wees. Ingrypings wat strategiese vennootskappe behels moet 'n duidelike teoretiese raamwerk hê en met monitering en evaluering gepaard gaan.

5.1.2 Produktiewe pedagogie

a) *Fokus op taalvaardighede en intellektuele kwaliteit*

Die onderrig van Taal dien as 'n toegang en deurgang na leer. Verseker dat daaglikse lees en skryf leerders in staat stel om te dink en die kode van toenemend ingewikkelde geskrewe taal te verstaan. Stel verrykte taal bekend en ontwikkel dit, insluitend alledaagse vaste vorme van taal. Ontwikkel en handhaaf doelgerig 'n sterk Taalgrondslag oor alle leerervarings heen. Ontwikkel lesplanne met 'n sistematiese benadering om die begrippe en vaardighede in die KABV met toenemende kompleksiteit op te bou en uit te brei. Gebruik die KABV om Taal-standaarde, leerderprestasie en -vordering te standaardiseer. Hou werksessies om die gapings in onderrig te ontleed wat in SGA en sistemiese toetse geïdentifiseer is en ontwerp ingrypings om die gapings aan te spreek.

b) *Taal oor die kurrikulum heen*

Die vier Taalvaardighede sal in alle vakke onderrig en gekonsolideer word en nie slegs gedurende die Taalles nie. Die onderrig en leer van vakspesifieke begrippe en terminologie is duidelik in die klaskamer en leerders se werk.

c) *Assessering om onderrig en leer te versterk*

Ontwikkel en onderneem 'n voorbereidende basislynassessering van vaardighede in alle grade. Die klem moet op assessering vir leer wees. Ontwerp assesseringsaktiwiteite wat geldige inligting oor die sukses van onderrig en leer in die toepaslike GF-vaardighede en -inhoud verskaf. Ontwerp assesseringsaktiwiteite in Gr R-3 om kognitiewe vlakke te oorvleuel. Gebruik voorbeelde van assesseringstake om eie take te ontwerp wat in die behoeftes van onderrig en leerders voorsien. Voorsien leerders van snelle terugvoer en inligting wat daarop gemik is om die gaping tussen die werklike en gewenste leerderprestasie te vernou. Gebruik assesseringsuitslae om planne vir die verbetering van leerderondersteuning op te stel.

d) *'n Klaskameromgewing van gehalte*

Taalontwikkeling in jong kinders kan in 'n koesterende, veilige omgewing gemaksimeer word. Verskaf gepaste, goedtoegeruste Taal- en literatuurryke klaskamers, bv. leesboeke, gegradeerde leesboeke, werkboeke, handboeke. Skep 'n onderrig- en leeromgewing wat inklusief, ondersteunend, bemoedigend en op leer gefokus is sodat leerders hulle volle potensiaal kan bereik. Gee erkenning en toon respek vir alle tale. Bevorder selfdissipline en onderrig deur 'n voorbeeld te stel en altyd korrekte taalgebruik voor te staan. Doelbewuste en gefokusde Taalonderrig en -leer moet heeldag plaasvind: tydens die Taalles; in alle tale; tydens toevallige oomblikke van onderrig. Die verhouding tussen die leerder se moedertaal en die skool se TLO moet in ag geneem word. Veeltalige Taal-scenario's bied taalgeleenthede wat leerders ten volle moet benut. Differensiëring en gesteierde Taalonderrig en -leer moet vir alle leerders duidelik wees. Leerders met geakkumuleerde taalagterstande ontvang gespesialiseerde programme. Engels op die vlak van HT of EAT moet doelbewus versterk word in skole waar die TLO vanaf Graad 4 na Engels verander. Die gebalanseerde benadering tot Taalonderrig en leer word geïmplementeer om omvattende, oorspronklike en volgehoue taalontwikkeling te verseker.

e) *Interpreteer beleid*

In die Wes-Kaap is Afrikaans HT, Engels HT en isiXhosa HT die hooftale wat op HT-vlak aangebied word en Afrikaans EAT en Engels EAT is die hoof-EAT-tale. Daar is geen KABV-dokument vir Tweede Addisionele Taal (TAT) in die GF nie. Skole wat nie Afrikatale aanbied nie, kan vrywillig kies om isiXhosa as deel van die GF-kurrikulum aan te bied, op voorwaarde dat die SBL hulpbronne vir hierdie taal voorsien en bykomende onderrigtyd op die rooster aangedui word. In Graad R is slegs die HT verpligtend, maar skole word aangespoor om die EAT wat in Graad 1 onderrig word, informeel bekend te stel. Die twee verpligte Taalvakke is HT en EAT. Waar Engels vanaf Graad 4 die TLO is, moet skole ten minste vanaf Graad 3 Engels as EAT aanbied en die maksimum tyd vir EAT toeken en die minimum tyd vir HT toeken. Skole moet 'n duidelike, bondige Skooltaalbeleid hê wat konteks-spesifieke taalkwessies in aanmerking neem en die HT en EAT KABV vir onderrig- en assesseringsvereistes asook die opstel van roosters interpreteer. In Graad R word 'n gefokusde Taalles van 60 minute elke dag aangebied. "Storietyd" (hardop lees) word by die les ingesluit en vind aan die einde van elke dag plaas.

5.1.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/ fasiliteite

a) *Verkry geskikte fasiliteite/hulpbronne*

Die skool se Taalbeleid beskryf hoe HT en EAT van hulpbronne voorsien sal word. Die skool het 'n plan om storieboeke, leesboeke, taalspeletjies, plakkate, marionette en hulpbronmateriaal vir onderwysers te verkry. Verseker dat kinderliteratuur en verskillende genres van Graad R af bekendgestel word. Die klaskamer is toegerus met 'n wye verskeidenheid ontwikkeling-geskikte LOOM vir geletterdheid om te floreer en te konsolideer. In Graad R sal dit die binneklaskamer en buiteklaskamer insluit.

b) *Gebruik hulpbronne doeltreffend*

Gebruik 'n wye reeks geskikte en relevante hulpbronne vir die onderrig van Taal. Stel onderwysers bloot aan die doeltreffende hersiening, keuring en gebruik van fase-toepaslike onderrig- en leerhulpbronne en materiaal. Help GF-spanne om vooruit per kwartaal te beplan vir hulpbronne wat vir onderrig nodig is. Deel idees in PLG'e oor die doeltreffende gebruik van maklik toeganklike hulpbronne om sleutelbegrippe in GF-Taal te help bemiddel. Maak gereeld van die skool-/plaaslike biblioteek of Edulis gebruik.

c) *Gebruik e-leer om kennis en begrip te versterk*

Verseker dat alle onderwysers bevoeg is in die gebruik van IKT-toerusting en die seleksie van onderrigbronne op die Internet. Ondersteun onderwysers in die keuring van e-leerhulpbronne om onderrig te verbeter en leerders se kennis en begrip van konsepte en vaardighede te versterk. Hersien en maak aanbevelings oor e-leersagteware en digitale hulpbronne wat gedifferensieerde leer ondersteun. Plaas geskikte materiaal op die WKOD-bediener. Maak seker dat ouers bewus is van hierdie hulpbronne. Gebruik Professionele Leergemeenskappe (PLG'e) om 'n databasis van webgebaseerde onderrig-, assessering- en leerhulpbronne vir elk van die GF-vaardighede en -komponente te ontwikkel.

5.1.4 Monitering en evaluering

a) *Reflektiewe praktyk op skoolvlak*

Skole ontwikkel teikengedrewe Taalverbeteringsplanne op grond van kollektiewe insette deur personeel. Monitor onderrig en leer deur vordering na te spoor en onderrigmetodiek aan te pas. Evalueer die doeltreffendheid en impak van Taalleer deur die monitering van kurrikulumlewering en prestasie in SGA in skole. Verbeter voortdurend die prestasie in Taal deur interne skoolgebaseerde assessering aan te pas volgens data wat uit nasionale en provinsiale sistemiese assesserings verkry word. Skole volg hulle interne beleid oor moderering en maak aanpassings na aanleiding van vakontwikkelings en beter onderrigpraktyke. SBS'e ondersteun die GF-vakhoof/DH om die GF-onderwysers te bestuur deur tyd aan taak te verseker, moderering te assesseer en verantwoordelik te neem vir die hantering van tekortkominge. Deel beste praktyk met betrekking tot die monitering van die modereringsprogram op alle vlakke in die skoolstelsel om vordering in onderrig, assessering en leer na te spoor. Verbeter die bestuurs- en moniteringsbevoegdheid van SBS'e.

b) *Reflektiewe praktyk op distriksvlak*

Verbeter die bestuurs- en moniteringsbevoegdheid van distriksamptenare. Evalueer kurrikulumdekking, -impak en -tempo in ooreenstemming met norme en nasionale maatstawwe. Modereer onderrigplanne en leerders se werkboeke om te bepaal of gapings aangespreek word. Distrikte ontwikkel 'n HT- en EAT-verbeteringsplan as deel van hulle DVP vir verslagdoening aan provinsiale en nasionale strukture. Kringbestuurders en vakadviseurs lewer verslag oor vordering aan die distrik en distrikte kommunikeer ontwikkelings- en ondersteuningsbehoeftes aan hoofkantoor. Deskundiges in kurrikulumbeplanning bied werkswinkels aan om amptenare en onderwysers te ondersteun met die bereiking van die gewenste uitkomste. Modereer en verifieer assessering deur te verseker dat elke skool 'n interne modereringsbeleid volg.

c) *Reflektiewe praktyk op hoofkantoorvlak*

Verbeter die bestuurs- en moniteringsbevoegdheid van hoofkantooramptenare. Doen jaarliks navorsing oor eksterne toetsuitslae om gapings in kennis te bepaal ten einde onderrigondersteuningsmaatreëls in skool- en distriksverbeteringsplanne in te lig. Beïnvloed die ontwerp van onderwyserontwikkeling- en leierskapskursusse ten einde strategiese kurrikulumleierskap en -bestuur te ontwikkel. Sluit HT- en EAT-monitering en -ondersteuning in by induksiekursusse by KOLI vir alle bestuurs- en leierskapsposisies. Hersien jaarliks die strategie om te verseker dat die teikens van die strategie behaal word en, indien nodig, maak die nodige aanpassings om implementering te verseker.

d) *Voorspraak vir vak en strategie*

Evalueer die begrip en implementering van die provinsiale Taalstrategie in distrikte, skole en gemeenskappe. Verseker dat alle rolspelers die belang van hierdie strategie begryp. Substansieer veranderinge aan die beplande strategie, waar nodig.

5.2 Graad 4 – 6

5.2.1 Menseontwikkeling

a) *Professionele ontwikkeling van onderwysers en amptenare*

Verbeter Taal-inhoudskennis en pedagogiese inhoudskennis met 'n sterk fokus op die belangrikste Taal-begrippe en gepaste onderrigmetodiek. Handhaaf 'n duidelike begrip van kontinuïteit en vordering van die kurrikulum. Verseker aanpassing tussen leerdoelwitte, onderrig en assessering. Ondersteun die ontwikkeling van realistiese onderrigplanne. Verstaan die kennis en vaardighede wat in die Taalkurrikulum voorgestel word met betrekking tot leerondersteuningsmateriaal, lesvoorbereiding en die implementering van IKT in kurrikulumlewering en die gevolglike veranderinge aan klaskamerpraktyk. Implementeer onderwysersopleiding en bied verwante ondersteuning sodat leerders én onderwysers se differensiële behoeftes aangespreek word. Vestig 'n databasis van onderwysers se vaardighede in die onderrig van Taal in hierdie fase. Ontwikkel vaardighede van DH'e met die fokus op bestuurs- en leierskapvaardighede, beleidsformulering, stelsels en strukture, kurrikulumontwikkeling, mentorskap en moderering van die assessering van Taal en Letterkunde. Stel vakadviseurs bloot aan goeie ontwikkelingsgeleenthede.

b) *Professionele leergemeenskappe (PLG'e)*

Vakadviseurs moet Professionele Leergemeenskappe in distrikte instel vir onderwysers wat by die omliggende skole werk. Dit moet as plaaslike terreine vir Taal-steunpersoneel en onderwysers dien. Onderwysers sal by hierdie terreine toegang tot gedeelde hulpbronne kry en PLG-vergaderings hou. Vakadviseurs, SBS'e en leieronderwysers word gelei om PLG'e by en tussen skole te vestig, fasiliteer en gebruik om beste praktyke te bevorder en samewerking te versterk. Gebruik PLG'e om professionele ontwikkeling te bewerkstellig en moedig skole aan om saam te werk om aan alle leerders die bes moontlike Taalonderrig te bied. Hou werksessies met PLG'e/klusters om te besin oor die gapings in onderrig wat in SGA en sistemiese toetse gevind is en ontwerp daarvolgens ingrypings om die geïdentifiseerde gapings aan te spreek. Moedig bywoning van Taal-konferensies, PLG'e en inskrywings vir kort kursusse (bv. KOLI) aan om onderwyspraktyk te verbeter.

c) *Strategieë vir werwing, induksie en retensie*

Werf taalkundig bevoegde leerders by HOI's. Gee erkenning en bied aansporings aan om ervare en produktiewe IF-onderwysers te behou. Bevorder die aanstelling van bekwame onderwysers. Bied beursaansporings aan IF-onderwysers. Ontwerp 'n induksieprogram (KOLI) vir nuwe onderwysers om beste praktyk aan te dryf en geskikte onderrigvaardighede te ontwikkel. Bied geskikte opleiding aan alle nuwe posbekleërs om seker te maak dat hulle die KABV met bevoegdheid kan implementeer. Onderwysers moet sien dat vakkundige praktyke gemodelleer word en moet dit met voldoende mentorskap beoefen. Gebruik bekwame mentor-onderwysers vir die ondersteuning van leerlingonderwysers wat hulle praktiese jaar of leerderskap van een jaar doen terwyl hulle hul kursuswerk in die kurrikulum, onderrig en leer by Hoër Onderwysinstellings (HOI's) voltooi.

d) *Selfbeeld, rigting en selfregulering van leerders*

Die aard van 'n suksesvolle Taalleerder is een met 'n positiewe selfbeeld vir leer, wat lief is vir lees en wat hoogs gemotiveerd is. Ondersteun leerders om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel. Hiervoor benodig leerders duidelike en volgehoue leiding van die onderwyser sodat hulle geleidelik die toepaslike stappe kan doen om sterk gebruikers van taal te word (lesers en skrywers). Ontwikkel 'n klaskamerkultuur wat verseker dat leerders dit geniet om te leer en verstaan dat hulle leerwerk saak maak. Bevorder onderrigpraktyke wat leerders help om nuwe kennis met hulle bekende omgewing te verbind, m.a.w. hulle tuiste of dorp/buurt.

e) *Ouerbetrokkenheid*

Lewer voorspraak vir die provinsiale Taalstrategie as 'n geleentheid vir verbetering. Implementeer gepaste maatreëls om ouer- en gemeenskapsondersteuning te verseker. Bespreek met ouers die vaardighede wat hulle kinders benodig om bevoegdheid in Taal te ontwikkel. Skakel met ouers om die skool se teikens te ondersteun en om leerders tuis te help.

f) *Strategiese vennootskappe*

KOLI moet bystand lewer met die opleiding van DH'e en onderwysers in Taal-vakinhoud en onderrigmetodiek. Werk in oorleg NRO's, HOI's en die privaat sektor aan inisiatiewe wat skoolgebaseerde/ter plaatse ondersteuning aan onderwysers voorsien, met die gepaardgaande monitering en evaluering. Bou vennootskappe met belanghebbendes wat taalaangeleenthede hanteer soos PanSALB, Centre for the Book, Afrikaanse Taalraad, PASA, DKS (Taaleenheid en eenheid wat met die seleksie van biblioteekboeke te doen het) en HOI's om navorsing uit te voer.

5.2.2 Produktiewe pedagogie

a) *Fokus op taalvaardighede en intellektuele kwaliteit*

Onderwysers moet in die Intermediêre Fase aansluit by en voortbou op die grondslag wat in Graad R tot 3 vasgelê is. Aangesien kennis en vaardighede van dag tot dag verander, is dit belangrik om leerders te wys hoe om Taal volgens 'n gebalanseerde benadering tot Taal te leer. Metodieke vir lees en skryf moet leerders in staat stel om van afhanklikheid na onafhanklikheid te vorder. Alle leerders moet volop geleentheid kry om in die teikentaal te praat. Leerders se gesproke taal moet gesteier word en praat word aangemoedig deur vrae op die vlak van die individuele kind te vra. Taalstrukture en -konvensies moet in konteks onderrig word tydens die onderrig en ontwikkeling van ander taalvaardighede. 'n Toenemende verskeidenheid skeppende en informatiewe tekste moet in gebruik wees en die skryfproses moet vordering toon tot die punt waar leerders goed georganiseerde, grammaties korrekte geskrewe tekste kan produseer. Wanneer lees- en luistertekste vir elke siklus van twee weke gekies word, moet die Taal-items wat gedek moet word, ingesluit word en aktiwiteite moet met die tekste verband hou. Hierdie leeraktiwiteite word gebruik vir die fasilitering, assessering, terugvoer en verslagdoening oor leer.

b) *Taal oor die kurrikulum heen*

Taal is 'n noodsaaklike instrument vir die ontwikkeling en oordrag van betekenis; die onderrig en leer van Taal in alle vakke moet dus prominent en doelbewus wees. Dit is van uiterste belang waar die TLO nie dieselfde as die leerder se moedertaal is nie.

c) *Assessering om onderrig en leer te versterk*

Die klem moet op assessering vir leer wees. Voorsien leerders van snelle terugvoer en leiding wat daarop gemik is om die gaping tussen die werklike en gewenste leerderprestasie te vernou. Gebruik hierdie assesserings om planne vir die verbetering van Taalleer op te stel.

d) *'n Klaskameromgewing van gehalte*

'n Taal-leeromgewing moet teksryk, lewendig en aanloklik wees. Biblioteke in verskeie formate moet gebruik word om lees in alle klasse aan te moedig. Onderwysers moet as uitstekende modelle vir Taal en Geletterdheid dien. Skep 'n veilige leeromgewing waar alle leerders ondersteun, aangemoedig en uitgedaag word en waar hulle individuele betekenis en belang in hulle ervarings met lees en skryf ondervind. Die leeromgewing moet kultureel inklusief wees en moet alle leerders, ongeag ouderdom, geslag, etnisiteit, godsdienstige verband en sosioëkonomiese status, aanspoor om persoonlike kontakte en doeltreffende interkulturele vaardighede te ontwikkel. Interaksies tydens onderrig en leer moet deur orde en geskikte voorbereiding gekenmerk word wat elke leerder in staat stel om sy of haar volle potensiaal deur middel van selfdissipline en werketiek te bereik.

e) *Behoorlike interpretering van beleid*

Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) maak voorsiening vir die aanbieding van Taal op drie vlakke, naamlik Huistaal (HT), Eerste Addisionele Taal (EAT) en Tweede Addisionele Taal (TAT). Slegs amptelike tale kan op HT- en EAT-vlak aangebied word. Buitelandse tale kan op TAT-vlak aangebied word. Die onderrigtyd vir Taal in die Intermediêre Fase is:

- Huistaal – 6 uur per week
- Eerste Addisionele Taal – 5 uur per week
- Tweede Addisionele Taal – 1.5 uur per week kan buite onderrigtyd bygevoeg word.

5.2.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite

a) *Verkry geskikte fasiliteite/hulpbronne*

Skole moet die verkryging van die volgende hulpbronne bestuur: vir leerders – goedgekeurde Taal-handboeke; kernleesboeke met kortverhale, gedigte, volkskunde en toneelstukke; woordeboeke, 'n verskeidenheid leesstof wat vir verskeie leesvlakke voorsiening maak; tekste vir gedeelde lees in Graad 4; vir onderwysers – die KABV vir HT, EAT en TAT, Taal in Onderwys-beleid (TOB), naslaanboeke (eentalige, tweetalige en veeltalige woordeboeke; tesourus; ensiklopedies, 'n goeie naslaanboek vir grammatika, ens.); 'n hulpbronlêer/-boek vir onderwysers – dit kan 'n lêer wees wat bestaan uit materiaal wat deur die onderwyser ingesamel is of 'n kommersieel gepubliseerde onderwysersgids; leesstof van biblioteke en klank-/visuele hulpmiddels.

b) *Gebruik hulpbronne doeltreffend*

Stel onderwysers bloot aan die doeltreffende gebruik van fase-toepaslike onderrig- en leerhulpbronne en -materiaal. Help fasespanne om vooruit per kwartaal hulpbronne wat vir onderrig, leer en assessering benodig word, te beplan en te identifiseer. Deel idees op klustervergaderings of in Professionele Leergemeenskappe (PLG'e) oor die doeltreffende gebruik van toeganklike hulpbronne om die sleutelvaardighede van Taal in die Intermediêre Fase (IF) te help bemiddel. Skole hou 'n bateregister by om die gebruik en retensie van hulpbronne te monitor en om toegekende fondse en ander middele te gebruik om toerusting/fasiliteite aan te vul wat nodig is om die Skoolverbeteringsplan (SVP) vir Taal te implementeer.

c) *Gebruik e-leer om kennis en begrip te versterk*

Verseker dat alle onderwysers vaardig is in die gebruik van rekenaars en ander digitale toerusting asook die naslaan van onderrig- en leerbronne op die Internet. Help onderwysers met die identifisering van e-leerhulpbronne wat onderrig ondersteun en leerders se kennis en konsepsuele begrip versterk. Hersien e-leersagteware en digitale hulpbronne wat Taalleer in die IF ondersteun. Gebruik PLG'e om 'n databasis van webgebaseerde onderrig-, assessering- en leerhulpbronne vir elk van die IF-inhoudsonderwerpe te ontwikkel. Leerders moet nie slegs tegnologie gebruik nie, maar moet toegang hê tot 'n verskeidenheid hulpmiddels wat pas by die Taal-take wat gedoen moet word en wat die geleentheid bied om 'n dieper begrip van die Taal-inhoud te ontwikkel.

5.2.4 Monitering en evaluering

a) *Reflektiewe praktyk op skoolvlak*

Skoolbestuurspanne (SBS'e) op skoolvlak het 'n fundamentele rol om in die skool se Assesseringsprogram vir leerders te speel. Die klem moet op Taalonderrig deur vakkundige Taalonderwysers in die fase wees. Departementshoofde (DH'e) in Taal moet onderwysers in hulle departement tydens lesvoorbereiding mentor en ondersteun, help met demonstrasies gevolg deur waarnemingslesse en, wanneer nodig, spanne onderrig. SBS'e moet Taalonderwysers ondersteun en monitor om gereelde basislyntoetse aan die begin van 'n graad uit te voer. Leerders se take moet te alle tye gemonitor en gemodereer word. Refleksie- en terugvoersessies moet gereeld onder Taalonderwysers gereël word.

b) *Reflektiewe praktyk op distriksvlak*

Distriksamptenare se ingrypings moet spesifieke programme wees wat geskik vir spesifieke skole se behoeftes is. Ontwikkel ingeligte akademiese taalvaardighede gemik op praktiese moniterings- en evalueringsprosesse. Ondersteun distriksamptenare met opleiding in datahantering en ontleding van nasionale en provinsiale toetsuitslae wat vervolgens deel van 'n ondersteuningsprogram vir onderwysers sal word. Bestuur volgehoue moniterings- en evalueringsprosesse vir professionele ondersteuningsprogramme vir onderwyserontwikkeling.

c) *Reflektiewe praktyk op hoofkantoorvlak*

Voorsien amptenare op hoofkantoor van die ontleding van internasionale, nasionale en provinsiale prosesse vir Taaltoetse. Ontwikkel senior kurrikulumbeplanners in datahantering en die ontleding van nasionale en provinsiale toetsuitslae. Beïnvloed die ontwerp van moniterings- en evalueringsprogramme wat op skoolvlak geïmplementeer moet word. Raak betrokke by en ondersteun die ontwikkeling van induksieprogramme vir bestuurders, insluitend die bestuur van taalontwikkeling.

d) *Voorspraak vir vak en strategie*

Evalueer die voorspraak vir die provinsiale Taalstrategie in distrikte, skole en gemeenskappe. Verseker dat alle rolspelers die belang van hierdie strategie begryp. Substansieer veranderinge aan die beplande strategie, waar nodig.

5.3 Graad 7 – 9

5.3.1 Menseontwikkeling

a) *Professionele ontwikkeling van onderwysers en amptenare*

Identifiseer en skenk aandag aan onderwysers se professionele ontwikkelingsbehoeftes deur gapings in Taalkennis in die Senior Fase te identifiseer; leer aktief saam met kollegas in PLG'e; verstaan die kurrikulum en hoe om leerondersteuningsmateriaal te gebruik; berei lesse voor en bied lesse aan op 'n bekwame wyse; en integreer IKT by kurrikulumlewering ten einde te groei. Opleiding moet vir spesifieke teikengroepe van onderwysers per vaardigheid voorsiening maak; dit moet op bepaalde behoeftes fokus, byvoorbeeld: hoe om leesbegrip te onderrig; hoe om rekenaargesteunde onderrig van skryf te doen; hoe om mondelinge aanbiedings te assesseer; hoe om nuweling-onderwysers to help om eksamenvraestelle op te stel; hoe om sprekers van buitelandse tale in die Eerste Addisionele Taal-klaskamer te onderrig; hoe om die onderrig van grammatika te integreer en hoe om handboeke doeltreffend te gebruik.

Ten einde aan die voorpunt van ontwikkeling in Taalonderrig te bly, moet die opleiding van DH'e op bepaalde behoeftes fokus, byvoorbeeld:

- Bestuurs- en leierskapvaardighede;
- Mentorskap en moderering van assessering van Taal en Letterkunde;
- Beleidsformulering om te verstaan waarom komitees soos die Komitee vir Leer-en-onderrig-ondersteuningsmateriaal (LOOM), Vakkomitee en VRL-komitees nodig is;
- e-Leerprogramme om te help met die ontleding van assesseringsuitslae.

Vakadviseurs moet aan goeie ontwikkelingsgeleenthede blootgestel word. Behoeftes en belangstellings moet die dryfkrag vir hulle professionele groei in die volgende wees:

- kritiese ontleding van inligting wat ingewin is om gehalte en akkuraatheid te bepaal
- organisering en verwerking van data in verskillende formate
- die gebruik van bestaande strategieë om die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en vooroordeel van data te bepaal
- die vermoë om inligting duidelik aan te bied en oor te dra

b) *Professionele leergemeenskappe (PLG'e)*

PLG'e dien as plaaslike terrein vir Taal-steunpersoneel en vir onderwysers om toegang tot gedeelde bronne te kry en Professionele Leergemeenskap-vergaderings te hou. Moedig vakadviseurs aan om 'n verstandhouding met onderwysers te bou en empatie te demonstreer ten opsigte van hulle professionele rol. Tree op as 'n 'kritiese vriend', m.a.w. iemand wat opbouende kritiek, leiding en terugvoer kan verskaf; bevraagteken, interpreteer en verduidelik beleide aan onderwysers. Help met probleme en daag onderwysers terselfdertyd uit om meer veeleisende Taaltekste te gebruik.

c) *Strategieë vir werwing, induksie en retensie*

Onderwysers moet sien dat vakkundige praktyke gemodelleer word en moet dit met voldoende mentorskap beoefen. Plaas leerlingonderwysers wat hulle praktiese jaar of leerderskap doen vir een jaar in die klaskamers van mentor-onderwysers terwyl hulle hul kursuswerk in die kurrikulum, onderrig en leer by Hoër Onderwysinstellings (HOI's) voltooi.

d) *Selfbeeld, rigting en selfregulering van leerders*

Bevorder kompetisies in Taal om leerders te motiveer om taalvaardighede en ander vorme van kommunikasie te oefen. Lei leerders om die verantwoordelikheid van leer te verstaan deur Taalleer by hulle wêreld te integreer. Maak leerders deeglik bewus van die noodsaaklikheid om te leer en goed in hulle Taal-take te presteer. Moedig leerders aan om studievaardighede te bemeester en studiewenke tot hulle voordeel te gebruik ten einde ingeligte besluit te neem wanneer geskikte vakke vir hulle toekomstige loopbaan gekies word.

e) *Ouerbetrokkenheid*

SSkoolbeheerliggame moet bemagtig wees om ouers te ondersteun in die skepping van 'n huisomgewing wat bevorderlik is vir kinders om 'n liefde vir lees te ontwikkel, huiswerk en navorsing te doen, studievaardighede aan te leer en vir toetse en eksamens voor te berei.

f) *Strategiese vennootskappe*

Strategiese vennote soos nieregeringsorganisasies (NRO's), Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSALB), die Departement van Kultuursake en Sport (DKS) (eenhede Taal en Biblioteek), Centre for the Book, Uitgewersvereniging van Suid-Afrika (PASA), hoër onderwysinstellings (HOI's) en Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) ondersteun taalontwikkeling. Bevorder die ontwikkeling en implementering van innoverende praktyke; taalliggame in die streek bevorder die ontwikkeling van onderwys en opleiding; lewer voorspraak vir provinsiale leerderinisiatiewe. Moedig vennote aan om aktiewe taalbetrokkenheid te versterk.

5.3.2 Produktiewe pedagogie

a) *Fokus op taalvaardighede en intellektuele kwaliteit*

Terwyl 'n begrip van basiese Taalvaardighede belangrik is, moet alle pogings aangewend word om ook op hoër kognitiewe vlakke soos evaluering en waardering te fokus. Gebruik vrae wat 'n reeks kognitiewe vlakke insluit. Assesseringsaktiwiteite in die fase moet geleidelik 'n verskeidenheid van kognitiewe vlakke oorvleuel.

b) *Taal oor die kurrikulum heen*

Lees en skryf word daagliks geoefen. Onderwysers gebruik die korrekte vakterminologie en bly weg van informele kode-oorskakeling. Moedig strategieë aan wat die doelwitte van Taal in alle vakke aanspreek, aangesien Taal 'n noodsaaklike instrument vir die ontwikkeling en oordrag van betekenis is. Bevorder substantiewe gesprekke tussen onderwysers en leerders oor belangrike Taalvaardighede. Koördineer gereelde kompetisies in die klaskamer om genot en kundigheid in lees en skryf te bevorder. Skole bied interskole-klubs vir lees en skryf aan.

c) *Assessering om onderrig en leer te versterk*

Die klem moet op assessering vir en van leer wees. Stel toegewyde maatreëls in om gapings te vernou en te verseker dat leerders die bevoegdheid ontwikkel om Taal op VOO-vlak te slaag. Voorsien leerders van vinnige terugvoer wat daarop gemik is om hulle te help om die mikpunte vir Taalleer te bereik. Onderwysers word aangemoedig om voorbeelde van assesseringstake te gebruik om hulle eie take te ontwerp wat in die behoeftes van onderrig en leer voorsien. Ontleed assesseringsdata vir die gevolge van Taalagterstande en beplan daarvolgens die nodige ingrypings.

d) *'n Klaskameromgewing van gehalte*

Bou 'n teksryke klaskameromgewing wat alle leerders verwelkom en wat ondersteunend, bemoedigend en op leer gefokus is sodat leerders hulle volle potensiaal kan bereik. Vestig dissipline en 'n werketiek en onderrig deur 'n voorbeeld te stel. Onderwysers moet aangemoedig word om 'n klaskamer ryk aan Taalhulpbronne te skep wat onderrig en leer ondersteun. Interaksie tydens onderrig en leer word gekenmerk deur orde, goeie voorbereiding en roetine. Onderwysers moet verseker dat elke klaskamer 'n gebruikersvriendelike biblioteekhoek het.

e) *Behoorlike interpretering van beleid*

Verseker dat skoolhoofde, DH'e en onderwysers die Taalkurrikulum korrek interpreteer in terme van onderrig- en assesseringsvereistes asook die opstel van roosters vir die Senior Fase. Ondersteun onderwysers om die kontinuïteit en vordering van voorgeskrewe Taalvaardighede te verstaan. Kritiese Taalbewustheid moet vanaf die Intermediêre Fase gekonsolideer word en verder in die Senior Fase ontwikkel word om Taal-interpretering en -ontleding in Graad 10 tot 12 te versterk.

5.3.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite

a) *Verkry geskikte fasiliteite/hulpbronne*

Dit is die verantwoordelikheid van alle skole om die volgende te kies:

- Hulpbronne wat die Taalkurrikulum verryk en ondersteun, met inagneming van 'n diversiteit van belange en perspektiewe en die verskeidenheid vaardighede, leerstyle en volwassenheidsvlakke van die leerders
- Taalhulpbronne wat groei in feitekennis, literêre waardering en kritiese letterkundige ontleding, estetiese waardes en kennis stimuleer
- Taalhulpbronne wat diverse perspektiewe oor kwessies positief en akkuraat weerspieël om te verseker dat leerders die geleentheid het om, onder leiding, die praktyk van kritiese ontleding en die vermoë om ingeligte besluite in hulle daaglikse lewe te neem, te ontwikkel
- Taalhulpbronne wat verteenwoordigend is van geslag, vermoë/onvermoë, geloofstelsel, gesinstruktuur, ras en etnisiteit en sosioëkonomiese status
- 'n Omvattende versameling Taalhulpbronne wat geskik is vir die skoolgemeenskap deur oorweging te skenk aan die gepastheid om beginsel bo persoonlike mening te plaas en rede bo vooroordeel te plaas wanneer bepaalde hulpbronne geselekteer word. Oorweeg die verskuiwing na Slim Klaskamers om samewerkende leer te bevorder deur die Taal-klaskamer 'n rekenaargesteunde leerruimte te maak.

b) *Gebruik hulpbronne doeltreffend*

Betrek leerders by groep- en samewerkende leer en maak terselfdertyd voorsiening vir individuele groei; bevorder lees- en skryfaktiwiteite en 'n toegepaste benadering tot leer. Moedig leerders aan om te bevraagteken, dink, reageer, reflekteer en besluit op maniere wat kritiese denke en besluitnemingsvaardighede ontwikkel. Bied keuse en buigsaamheid op 'n gepaste manier aan om te voorsien in die behoeftes van individuele aanlegte, vermoëns, leerstyle, veelvuldige intelligensies en belange.

c) *Gebruik e-leer om kennis en begrip te versterk*

Verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en ondersteuning het wat nodig is om IKT by onderrig en leer te integreer. Bevorder die gebruik van goed geïntegreerde tegnologiese hulpbronne deur onderwysers deeglik op te lei. Integreer die gebruik van tegnologiese hulpbronne soos rekenaars, mobiele toestelle soos slimfone en tablette, digitale kameras, sosiale mediaplatforms en netwerke, sagtewaretoepassings, die Internet, ens.

5.3.4 Monitering en evaluering

a) *Reflektiewe praktyk op skoolvlak*

Skoolbestuurspanne (SBS'e) op skoolvlak het 'n fundamentele rol om in die skool se Assesseringsprogram vir leerders te speel. Die klem moet op Taalonderrig deur vakkundige Taalonderwysers in die fase wees. Departementshoofde (DH'e) in Taal moet onderwysers in hulle departement tydens lesvoorbereiding mentor en ondersteun, help met demonstrasies gevolg deur waarnemingslesse en, wanneer nodig, spanne onderrig. SBS'e moet Taalonderwysers ondersteun en monitor om gereelde basislyntoetse aan die begin van 'n graad uit te voer. Leerders se take moet te alle tye gemonitor en gemodereer word. Refleksie- en terugvoersessies moet gereeld onder die Taalonderwysers per fase gereël word.

b) *Reflektiewe praktyk op distriksvlak*

Distriksvakadviseurs moet ingrypingstrategieë op grond van Skoolverbeteringsplanne versterk. Ontwikkel individuele ondersteuningsprogramme vir onderwysers om onderrigkundigheid in Taal en Letterkunde te bevorder. Bevorder datahantering en die ontleding van nasionale en provinsiale toetsuitslae om verbetering in Taal te verseker.

c) *Reflektiewe praktyk op hoofkantoorvlak*

Hoofkantooramptenare moet nasionale en provinsiale data-ontleding strategies ondersteun en versterk. Moedig vakadviseurs aan om die gereelde gebruik van Professionele Leergemeenskappe vir die bestuur van moniterings- en evalueringsprosesse te bevorder. Bevorder die implementering van Taal-ingrypingsplanne op distriksvlak.

d) *Voorspraak vir vak en strategie*

Evalueer die voorspraak vir die provinsiale Taalstrategie in distrikte, in skole en in gemeenskappe. Verseker dat alle rolspelers die belang van hierdie strategie begryp. Substansieer veranderinge aan die beplande strategie, waar nodig.

5.4 Graad 10 – 12

5.4.1 Menseontwikkeling

a) *Professionele ontwikkeling van onderwysers en amptenare*

Die professionele ontwikkeling van onderwysers moet onderwysers in staat stel om Taalonderrig te verbeter. Die professionele ontwikkeling van onderwysers moet ingelig word deur data, op behoeftes gegrond wees en moet voorsiening maak vir spesifieke teikengroepe van onderwysers. Alle professionele ontwikkelingsingrypings vir onderwysers moet gemonitor en geëvalueer word. Fokus opleiding op spesifieke (hoë-prioriteit) onderwerpe wat onderwysers en leerders moeilik vind om te begryp, soos byvoorbeeld kritiese taalbewustheid, visuele geletterdheid, die literêre opstel, begrip en opsommende skryfvaardighede. Ondersteun die ontwikkeling van realistiese onderrigplanne wat die pas van kurrikulumlewering in ag neem. Gaan voort om te werk aan 'n duidelike begrip van kontinuïteit van die kurrikulum en vordering oor Graad 10 tot 12. In die konteks van duidelike eksamenvereistes in die NSS-eksamen, verseker aanpassing tussen leerdoelwitte, onderrig en assessering. Verbeter onderwysers se vermoë om hoër-orde kognitiewe vlakke by onderrig en assessering te integreer.

b) *Professionele leergemeenskappe (PLG's)*

Lei DH's, vakhoofde en leieronderwysers om PLG's by en tussen skole te vestig, fasiliteer en gebruik om die deel van beste praktyk te bevorder en samewerking te versterk. Gee erkenning aan en bied aansporings vir leieronderwysers/PLG-koördineerders. Gebruik PLG's om professionele ontwikkeling te bewerkstellig en moedig skole aan om saam te werk om aan alle leerders die bes moontlike Taalonderrig te bied. Hou werksessies met PLG's om te besin oor die gapings in onderrig wat in SGA en sistemiese toetse gevind is. Moedig bywoning van Taal-konferensies, PLG's en inskrywings vir kort kursusse (bv. KOLI en HOI's) aan om onderwyspraktyk te verfris.

c) *Strategieë vir werwing, induksie en retensie*

Loods 'n sterk werwingsveldtog om bekwame onderwysers van Taal in poste aan te stel. Voer 'n behoefte-ontleding uit om werwingsveldtogte vir Taalonderwysers in te lig. Gee erkenning en bied aansporings om ervare en produktiewe Taalonderwysers te behou. Ontwerp induksieprogramme op alle vlakke. Vakadviseurs hanteer die induksie van nuwe VOO-Taalonderwysers. Gebruik vakkundige onderwysers om as mentors vir nuweling-onderwysers op te tree.

d) *Selfbeeld, rigting en selfregulering van leerders*

Ondersteun leerders om hul selfbeeld te ontwikkel op grond van 'n "groei-ingesteldheid" in plaas van 'n "vaste ingesteldheid". Hiervoor benodig leerders duidelike en volgehoue leiding van die onderwyser sodat hulle stadig verantwoordelikheid gegee word en klein stappe doen om swakpunte aan te spreek. Ontwikkel en bemiddel studiewenke/-riglyne vir Graad 12-leerders. Leerders moet gereeld huiswerk/hersiening ontvang om areas te identifiseer waar hulle verdere hulp van hulle onderwysers benodig. Help leerders om te verstaan waarom hulle leer saak maak. Bevorder onderrigpraktyke wat leerders help om nuwe kennis aan hulle agtergrondkennis te koppel, om nuwe leerwerk aan die wêreld buite die klaskamer te koppel en om kennis binne en oor vakgrense heen te integreer. Moedig leerders aan om deel te neem aan kompetisies vir praat en skryf.

e) *Ouerbetrokkenheid*

Moedig ouers aan om aan hulle kind se leerprogram deel te neem deur hulle te ondersteun in die gebruik van die Kurrikulum-webwerf. Stel aandgroepe vir Taal-ouerondersteuning bekend om met ouers en voogde te skakel. Lewer voorspraak vir die provinsiale Taalstrategie as 'n geleentheid vir verbetering. Bespreek met ouers die vaardighede wat hulle kinders benodig ten einde bevoegdheid in Taal te ontwikkel.

f) *Strategiese vennootskappe*

Vestig strategiese vennootskappe met NRO's, HOI's en die privaat sektor ten einde deelname aan en prestasie in Taal te bevorder. Reël gedurende winter- en lenteskole privaat onderrig deur vakkundige studieleiers *(tutors)*. Fasiliteer die opleiding van SBS'e om hulle in staat te stel om die provinsiale Taalstrategie in hulle skool aan te dryf ter bereiking van geïdentifiseerde teikens. Bied voldoende en gepaste opleiding aan Taalonderwysers en Departementshoofde. Bevirder deelname aan eksterne taalverenigings se konferensies, vakkomitees, PLG's, ens. Werk saam met NRO's, HOI's en die privaat sektor se inisiatiewe wat skoolgebaseerde/ter plaatse ondersteuning aan onderwysers en leerders bied. Verseker dat die provinsie 'n funksionerende Vakkomitee vir Taal het.

5.4.2 Produktiewe pedagogie

a) *Fokus op taalvaardighede en intellektuele kwaliteit*

Alle leerders moet intellektueel uitdagende werk aangebied word. Klaskameraktiwiteite moet van leerders vereis om hoër-orde denke te gebruik wat verder gaan as eenvoudige herroeping, herkenning en reproduksie na ontleding, sintese, evaluering en produksie van idees en opvoerings.

b) *Taal oor die kurrikulum heen*

Die benaderings tot Taalonderrig is teksgebaseerd, kommunikatief en prosesgeoriënteerd. Die teksgebaseerde en kommunikatiewe benaderings is albei afhanklik van die voortdurende gebruik en produsering van tekste. 'n Teksgebaseerde benadering leer leerders om vaardige, vrymoedige en kritiese lesers, skrywers en ontwerpers van en kykers na tekste te word. Die genre-benadering kan gebruik word om spesifieke kenmerke van verskillende tekste te onderrig. Die kommunikatiewe benadering beteken dat wanneer 'n leerder 'n taal leer, hy of sy heelwat blootstelling aan die teikentaal en baie geleenthede moet hê om die taal te oefen of te produseer. Blootstelling aan Taal word deur gereelde lees, kyk en luister bewerkstellig. Hierdie benadering behoort ook vorm-gefokus te wees, wat vir 'n duidelike fokus op Taalstrukture en -konvensies voorsiening maak. Leerders sal slegs kennis van Taalstrukture opdoen as dit uitdruklik onderrig word. Daar word aanbeveel dat Taalstrukture binne die konteks van skryf of lees onderrig word. Samewerkende leerstrategieë (bv. groepwerk, werk in pare) kan as deel van die kommunikatiewe benadering aangewend word.

Die prosesbenadering vereis dat leerders by die verskillende stadiums van die luister-, praat-, lees- en skryfproses betrokke raak terwyl hulle na mondelinge en geskrewe tekste luister en dit lees en produseer. Daaglikse skryf en praat sal leerders van die geleentheid voorsien om die Taal te oefen.

Daaglikse lees in die klas moet aangemoedig word. 'n Leeshoekie in die klaskamer kan gebruik word om boeke, tydskrifte en interessante artikels uit te stal vir leerders om te lees. Uitgebreide lees moet bevorder word deur die vestiging van boekklubs en deur geleenthede om aan 'readathons' deel te neem.

Elke vak gebruik tekste om leer te bevorder, wat impliseer dat elke onderwyser 'n Taalonderwyser is en die taal van hulle vak moet onderrig. Dit is dus noodsaaklik dat samewerking tussen Taalonderwysers en inhoudsvakonderwysers bevorder word om Taalvaardigheid oor die kurrikulum te versterk.

c) *Assessering om onderrig en leer te versterk*

Assesseringstake moet van leerders verwag om hoër-orde denke toe te pas: buiten die herroeping van feite, moet take van leerders vereis om kennis en inligting te organiseer, te herorganiseer, toe te pas, te ontleed, te sintetiseer en te evalueer. Leerders moet aangespoor word om deur vorige eksamenvraestelle en voorbeelde te werk wat 'n goeie weergawe van die eksamenvereistes is. Die klem van assessering moet op assessering vir en assessering van leer wees. Terugvoer oor swakpunte en inligting oor die volgende stappe wat die leerder moet neem, moet 'n integrale deel van die gesprekke tussen leerders en onderwysers vorm. Dit behoort die aksies van leerders in te lig, aangesien hulle die bewyse/leiding van die assessering gebruik om onafhanklik aan hul swakpunte in die vak te werk.

d) *'n Klaskameromgewing van gehalte*

Bou 'n klaskameromgewing wat alle leerders verwelkom en wat ondersteunend, bemoedigend en op leer gefokus is sodat leerders hulle volle potensiaal kan bereik. Vestig dissipline en 'n werketiek en onderrig deur 'n voorbeeld te stel. Onderwysers moet klaskamers ryk aan Taalhulpbronne skep wat produktiewe onderrig en leer ondersteun. Beplan sistematiese leer wat gekenmerk word deur goeie voorbereiding, ordelikheid en sorgsaamheid oor leer.

e) *Behoorlike interpretering van beleid*

Verseker dat skoolhoofde, DH'e en onderwysers die verklaarde Taalkurrikulum korrek interpreteer in terme van onderrig- en assesseringsvereistes asook die opstel van roosters vir Graad 10 tot 12. Ondersteun onderwysers om die kontinuïteit en vordering van voorgeskrewe inhoud/vaardighede vanaf die SF te verstaan wat verder in Graad 10 tot 12 ontwikkel word om 'n grondslag te vorm vir Taalleer na skool, in die lewe, in die werkplek en in verdere studieverband.

5.4.3 Voorsiening en gebruik van hulpbronne/fasiliteite

a) Verkry geskikte fasiliteite/hulpbronne

Een van die doelwitte van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) is om leerders se vermoë om 'inligting te versamel, ontleed, organiseer en krities te evalueer' te ontwikkel. Hierdie kritieke uitkoms van die KABV, ook bekend as inligtingsgeletterdheid, ondersteun uitkomsgebaseerde leer wat onder meer aktiewe interaksie met velerlei leerhulpbronne behels. Ten einde die kurrikulum suksesvol te implementeer, is dit noodsaaklik dat 'n wye verskeidenheid biblioteekhulpbronne, bykomend tot handboeke en leesboeke, daagliks vir leerders se gebruik beskikbaar is. Biblioteekmateriaal sluit in, maar is nie beperk nie tot die volgende:

- naslaanwerke (ensiklopedieë, atlasse, woordeboeke, ens.)
- niefiksie (boeke wat inligting of feite bevat)
- fiksie (romans, kortverhale, fabels, legendes, prenteboeke, ens.)
- plakkate, pamflette, tydskrifte en koerante
- opgeneemde oudiokassette, CD's, video's, DVD's en CD-ROM's
- multimedia-pakkette.

b) Gebruik hulpbronne doeltreffend

Taal-klaskamers moet teksryke omgewings wees. Leeshoekies kan ingestel word of 'n versameling van verskillende soort leestekste kan in die klaskamer gehou word. Dit is ook belangrik dat handboeke op 'n gereelde basis doeltreffend gebruik word. Elke onderwyser benodig 'n verskeidenheid leesstof bestaande uit onder meer literatuur vir adolessente, handboeke met 'n verskeidenheid vorms, grafieke, koerante en strokiesprente asook korter en langer tekste. Leerders moet ook buite skoolure toegang tot hierdie hulpbronne hê. Elke leerder moet toegang tot leesstof en 'n woordeboek hê. Eerste en Tweede Addisionele Taal-leerders moet tweetalige woordeboeke hê of woordeboeke wat ook inligting en leiding oor taalgebruik verskaf. Alle openbare skole moet die vereiste handboeke vir Taal vir Graad 10 tot 12 verkry. Dit moet boeke vir die onderrig van grammatika asook letterkundige tekste insluit. Handboeke moet gebruik word as die grondslag vir alle onderrig en die doeltreffende gebruik daarvan moet beklemtoon word. Dit is noodsaaklik dat skole die verkryging en aanvulling van Taalhandboeke bestuur. Alle hulpbronne moet gekatalogiseer word. Moedig onderwysers aan om registers by te hou om die gebruik en retensie van hulpbronne te beheer. Verseker dat alle onderwysers vaardig is in die gebruik van rekenaars en ander digitale toerusting asook die naslaan van onderrig- en leerbronne op die Internet.

c) Gebruik e-leer om kennis en begrip te versterk

Die WKOD sal begin met 'n veldtog om biblioteke te ondersteun en toegang tot rekenaars op te gradeer om geletterdheid en e-leer in openbare skole te bevorder. Onderwysers sowel as leerders word aangemoedig om die WKOD se e-leerstelsels te besoek: WKOD Kurrikulumontwikkeling-webwerf vir bykomende ondersteuningsmateriaal.

- http://www.wcedcurriculum.gov.za WKOD Leerbestuurstelsel vir bykomende leer-en-on derrigondersteuningsmateriaal.
- VOO: http://www.elearningdev.wcape.school.za/mod/data/view.php?id=4871
- AOO: http://www.elearningdev.wcape.school.za/mod/data/view.php?id=4872

5.4.4 Monitering en evaluering

Die KABV stel informele/daaglikse en formele assessering voor. Die Program van Assessering is in die KABV beskikbaar. Gereelde skoolgebaseerde toetse moet as deel van informele assessering afgelê word. Dit moet eksamen-tipe vrae insluit en die gewigstoekenning van die kognitiewe vlakke moet gebruik word.

a) Reflektiewe praktyk op skoolvlak

Departementshoofde in skole speel 'n deurslaggewende rol:

- in die ondersteuning, monitering en evaluering van die werk van individuele onderwysers in hulle departemente
- om konstante, taalverwante dialoog aan te moedig
- in die demonstrasie van lesse
- om lesse vir spanonderrig aan te bied
- om SGA-take te modereer voor dit geadministreer word
- om met behulp van 'n paar voorbeeld-SGA-take leerderprestasie te modereer vir die evaluering en vasstelling van Taal-aspekte wat versterkte ondersteuning nodig het.

b) Reflektiewe praktyk op distriksvlak

Skole sal die distrik in kennis stel van die verskerpte ingrypingstrategieë ten einde:

- individuele onderwysers en hul DH'e in elke skool te ondersteun.
- met gereelde tussenposes ondersteuningsprogramme te monitor en evalueer om die doeltreffendheid daarvan te verseker.
- data te ontleed om alle opleidingsinisiatiewe vir onderwysers in die provinsie in te lig

c) Reflektiewe praktyk op hoofkantoorvlak

Die primêre doel van opleidingsessies is om gesamentlike, professionele leer te versterk en onderwysers in te lig oor hoe hulle leerders se werk en data moet ontleed om onderrig te verbeter. Alle aksieplanne vir verbetering sal gegrond wees op die data wat uit die NSS-eksamen asook SGA-take beskikbaar is. 'n Deeglike ontleding van elke vraestel sal onderneem word om swak- en sterkpunte uit te lig vir die doel van remediëring en verbetering in prestasie. Alle interne assesserings sal teen voorbeeldvraestelle gemeet word vir die nakoming van KABV-vereistes.

d) Voorspraak vir vak en strategie

Evalueer die voorspraak vir die provinsiale Taalstrategie in distrikte, skole en gemeenskappe. Verseker dat alle rolspelers die belang van hierdie strategie begryp. Substansieer veranderinge aan die beplande strategie, waar nodig.

6 >Slot

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het oor die afgelope 20 jaar of meer 'n aantal inisiatiewe geloods wat gemik was op die verbetering van Taalonderrig en leerderprestasie in die provinsiale skoolstelsel. Dit het plaasgevind te midde van beduidende veranderinge en wysigings aan die kurrikulum wat gelei het tot nuwe vereistes vir hoe onderwysers moet onderrig en assesseer en hoe skole moet funksioneer.

Terwyl daar oor hierdie tydperk vordering in Taal was, bly leerderprestasie in sistemiese en uittreevlak-assessering in die provinsie 'n groot bron van kommer.

Die oogmerk van die Taalstrategie is dus aan die een kant om voort te bou op huidige opvoedkundige ondersteuningsinisiatiewe om Taalonderrig en -leer te versterk en aan die ander kant om die inisiatiewe byeen te bring in 'n gebalanseerde benadering wat gelyke klem plaas op dit wat in Taal-klaskamers gebeur en dit wat ingelig word deur navorsing oor aspekte wat beter opvoedkundige uitkomste vir alle leerders teweegbring.

Die voorgestelde strategie bestaan uit vier dimensies, naamlik menseontwikkeling, die gebruik van produktiewe pedagogie, die voorsiening en gebruik van hulpbronne en fasiliteite, asook monitering en evaluering. Deur die elemente van elke dimensie aan te spreek, bestaan daar die moontlikheid om oor die volgende vyf jaar die genoemde uitdagings die hoof te bied. Elke dimensie sal voortdurend op die behoeftes en geleenthede in ander dimensies reageer en sodoende tot die hart van hierdie strategie bydra, naamlik: **onderrig van gehalte vir leer van gehalte**.

Die WKOD beoog dat hierdie strategie nie slegs 'n strategie vir Taalonderwysers en die onderrig van die vak sal wees nie. Dit behoort meer as dit te wees. Dit voorsien aan alle skole 'n raamwerk wat gebruik kan word om oor huidige onderrig- en bestuurspraktyke te besin. Daarenteen beklemtoon hierdie benadering die pedagogiese praktyke en beginsels wat oorweeg moet word in die strategiese keuses wat skole maak om te verseker dat elke leerder in ons skole die beste onderrig moontlik ontvang.

7 > Bylaes

7.1 Bylae 1: Dimensies en elemente van produktiewe pedagogie

Verwerk uit:

- Hayes, D., Mills, M., Christie, P. & Lingard, B. (2006) Teaching and Schooling Making a Difference: Productive Pedagogies, Assessment and Performance. Crows Nest: Allen & Unwin.
- Killen, R. (2005) Programming and Assessment for Quality Teaching and Learning. Southbank Victoria: Thomson.

7.2 Bylae 2: Effekgrootte van verskillende veranderlikes op leer

Influence	*Effect Size*	*Source of Influence*
Feedback	**1.13**	**Teacher**
Students' prior cognitive ability	**1.04**	**Student**
Instructional quality	**1.00**	**Teacher**
Direct instruction	**.82**	**Teacher**
Remediation/feedback	**.65**	**Teacher**
Students' disposition to learn	**.61**	**Student**
Class environment	**.56**	**Teacher**
Challenge of Goals	**.52**	**Teacher**
Peer tutoring	**.50**	**Teacher**
Mastery learning	**.50**	**Teacher**
Parent involvement	**.46**	**Home**
Homework	**.43**	**Teacher**
Teacher Style	**.42**	**Teacher**
Questioning	.41	Teacher
Peer effects	.38	Peers
Advance organisers	.37	Teacher
Simulation & games	.34	Teacher
Computer-assisted instruction	.31	Teacher
Testing	.30	Teacher
Instructional media	.30	Teacher
Aims & policy of the school	.24	School
Affective attributes of students	.24	Student
Physical attributes of students	.21	Student
Programmed instruction	.18	Teacher
Ability grouping	.18	School
Audio-visual aids	.16	Teacher
Individualisation	.14	Teacher
Finances/money	.12	School
Behavioural objectives	.12	Teacher
Team teaching	.06	Teacher
Physical attributes (e.g., class size)	-.05	School
Television	-.12	Home
Retention	-.15	School

Verwerk uit: Hattie, J. (2012) Visible Learning for Teachers: Maximizing impact on learning. Londen: Routledge